



KAMMANUUS

Nommer 375

19 Mei 2014

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Waarheen is ons op pad met Kammanuus?

Hoekom skryf mense nie meer nie?

Vandag wil ek graag met julle in gesprek tree oor waarheen ons op pad is met Kammanuus in hierdie vinnig veranderende wêreld van ons. Dit is veral oor die briefie wat ek van Michele Coetzee ontvang het

Michele lees al baie jare Kammanuus en in die briefie, wat ek ook in die week se Poskoets insluit, vra sy die vraag wat ek myself ook al so baie keer die afgelope tyd afgevra het: Is die inhoud van Kammanuus nog wat ons oorspronklik daarmee beoog het?

Ek glo ons het wel mooi gegroei en aangepas by omstandighede want ongelukkig het ons ou volkie (en die hele wêreld) nie net finansiële en politieke verarm nie, maar het ons skryfspiëre ook begin weggewyn. Veral met die koms van Bakkiesboek en die ander kitskontak sosiale mediageereedskap wat net so ver soos jou selfoon is. Wat al lank al in die slag gebly het, is briewe met mooi prentjies en lekkerruik papier.

Lekker stories en ondervindinge wat ons met mekaar kon deel. Jou emosies oor te dra aan bemindes. Hof te maak van ver af. Oor afstand en tyd. Om dan tyd te maak en dit soos 'n goeie boek te gaan sit en lees met 'n stomende koppie moerkoffie en boerbeskuit. Jou verbeelding te laat gaan en so saam met die skrywer daar ver, weer te beleef wat hy of sy net vir jou wou vertel, net met jou wou deel.

Ek onthou nog so helder die posparades in die weermag, die afwagting, die teleurstelling as daar nie 'n briefie of 'n pakkie is nie. Die vreugde wat jy nie kan wegsteek as daar wel een is nie. Hoe jy dit dan oor en oor lees tot die papier begin verbreek op die voulyne. Net weer kyk, want miskien het jy net iets gemis of verkeerd gelees.

Maar die lewe en die tegnologie stap aan en die miljoene stukkies teks deurklief gedurende die kuberruimte in 'n warboel van verkorte woorde en begrippe.

Terug by Michele se vraag, of ons nie te ver wegbeweeg het van ons aanvanklike doelwit om Duskantlanders en Anderkantlanders te naelstring met briefies en stories van ons ervaringe in die nuwe lande nie.

Die antwoord is natuurlik ja. Ons lesers het ophou skryf. Gatlek en pryse uitdeel het ook net vir 'n rukkie gehelp. Ek self staan skuldig. Deesdae gaan dit maar kopkrap om iets te kry wat die moeite werd is om met julle te kan deel. Self lewe ek ook glad te gejaagd. Tyd om te besin.

Die pragtige Ilse Salzwedel het ook intussen opgegee om my te neul en aan te por oor die boek wat ek aan't skryf was oor my en Kamermaatjie se omswerwinge. Toe dag ek, wat van drie vlieë met een slag mordsdood geklap? Wat van ek begin skryf die boek in sulke kort stukkies as Touleiers in Kammanuus?

Vlieg een: Ons onderwerp gaan weer oor ervaringe in die buiteland.

Vlieg twee: Julle, die lesers kan reageer met julle eie bydraes en bietjie kritiek lewer.

Vlieg drie: Ek kom uiteindelik weer aan die gang met die boek.

Bring nou asseblief jou kant, liewe leser, en laat weet wat jy dink van my voorstel. Ek hoor graag van ieder en elk by pos@onsdorp.com en maak die opskrif TOULEIER.

Groete uit Sandkantland.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Wat dokters sê – en wat hulle dink

"Ons moet dadelik hieraan aandag gee"

Ek het beplan om volgende maand Hawaii toe te gaan, maar hier is so baie geld te maak dat ek wil opereer voordat die kwaal homself genees.

"Daar is goeie nuus, en slegte nuus."

Die goeie nuus is ek gaan 'n nuwe BMW koop. Die slegte nuus is dat jy daarvoor gaan betaal.



My dokter het my 6 maande gegee om te leef maar ek kon nie sy rekening betaal nie, toe gee hy my nog 6 maande.

Vreemde padreëls

In Spanje is dit nie goed genoeg as jy net jou voorskryfbril dra wanneer jy bestuur nie – as jy nie 'n ekstra bril in jou kar het nie, kan jy beboet word.

In die VK was dit eens op 'n tyd wettig vir 'n man om in die openbaar te urineer, solank dit by die agterwiel van sy motor was en hy sy regterhand op die voertuig gehad het.

In Beijing moet dit moet regtig aaklig wees om 'n voetganger te wees – dis asof jy glad nie bestaan nie. Daar is wel ook sebrakruisings, maar motoriste wat by hulle stop sal minstens 'n waarskuwing kry, indien nie 'n boete nie.

In Rusland en Roemenië kan jy 'n boete kry as jy dit met 'n vuil motor op straat waag.

In Denver, Colorado, mag jy wel 'n swart motor besit, maar jy sal die wet oortree as jy hom op 'n Sondag bestuur.

Die herkoms van ons gesegdes (29)

Oog: 'n Oog (ogie) in die seil hou (fyn dophou)

'n Goeie matroos of seeman is gedurig op sy hoede, en die korrekte stand van die seile is van die uiterste belang. Hy sal dit dus fyn dophou.

Oogappel: Die oogappel wees (die liefing wees)

In die Bybel, byvoorbeeld in Deut. 32:10 en Sagaria 2:8 word die oogappel beskou as die dierbaarste liggaamsdeel van die mens, miskien omdat dit die sig van die mens verteenwoordig. Maar hoekom juis die appel? Die ronde vorm daarvan het waarskynlik aan 'n appel herinner. In Fries het appel ook "pupil" beteken. In Middelnerlands was die oogappel ook die ogensterne, die ster van die oog.

Oogluikend: Iets oogluikend toelaat (maak of 'n mens iets nie merk nie)

In Middelnerlands kry ons ogelukinge – 'n selfstandige naamwoord wat beteken "oogluikende toestemming". Die verklaring is dat dit van die ogen luken af kom, wat "deur die vingers sien" beteken. Die beeld is pragtig: die luken het beteken "toeknyp, veral die vingers toeknyp". Om iets oogluikend toe te laat, is dus om na die saak te kyk terwyl jy jou vingers voor jou oë hou, maar soos luike toegeknypt.

Oor: Iemand ore aansit (iemand verkul; iemand wen)

In Nederlands verwys dié ore na eselsore, dus om van iemand 'n esel te maak, hom om die bos te lei so maklik as wat 'n mens dit met 'n esel sal doen.

Duskantkantlander in Anderkantland

Freetown – waar kiekies heeltemal verbode is

DANIEL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiër, skryf uit Sierra Leone

Wie sou nou kon raai ons vlug na Freetown (Sierra Leone) is so te sê net Afrikaans. Vaal vellies, kortbroeke met die Ons-kán-kamp-K-way-blertsie op die baadjie en 'n koue biertjie in die hand. Goud en diamante lê lank en warm in Sierra Leone en wag op kontrak mynwerkers – almal Suid-Afrikaners – om uitgegrawe te word

My Freetown nalees huiswerk laat my teleurgesteld. Met die burgeroorlog vars in die geheue lees ek ongedateerde webblaaie "Bly weg!" Daar's die uitbraak van die Ebola-virus, reisversekering dek jou skielik nie meer in die voorheen woeste area nie Ensovoorts. Dis 'n avontuur en ek wil alles eerstehands gaan kyk en beleef.

Ons land stamperig op Lundi en koop elk 'n UDS20-kaartjie vir 'n watertaxi na die Freetown. Hierdie ouens bondel en stoot en stamp al om jou. In gebreekte swaar Engels (Kreole) smous hulle vir jou lokale 4G-simkaarte en lugtyd in US\$ so deur die taxivenster aan. Tien minute later sit so twintig van ons ordelik in die pieplein watertaxi (motorboot) met bagasie tussen die knieë vasgeknyp en helder oranje reddingsbaadjies aan. Die man langs my bid onbeskaamd vir die volgende halfuur – vol beloftes om eendag te leer swem as hy dié dag oor die diepsee gespaar bly.

Albei my oë val amper uit toe ons by die Radison Mommy Blue Hotel tuisgaan – dis pas opgeknip deur 'n Suid-Afrikaanse projekgroep en is van vyfster gehalte.

Vroegoggend is ek en 'n kennis na die straatmark in die middel van die dorp. Verandering is die een konstante ding. Ons wip en stamp ongehinderd voort al om die nuwe padwerk. Geen haas, maar baie geraas. Mense, bokke, skape, motorfietse, hoenders en besoekers soos roomiere elkeen op pad iewers heen. Daar is minstens 1,8 miljoen mense in die stad.

Terwyl ons sit en asem ophou vir die stink bo-op 'n brug, kyk ek hoe 'n paar varke en speenvarkies baljaar in die modder en gemors van die stroom se opdrifsel onder die brug. Intussen luister ek grootoog na die advies van my ids: Géén foto van mense in die publiek nie.

Géén foto's van enige iemand in uniforms nie. Huursoldate is nie kamera vriendelik nie. My hart sink in my skoene. Hoe gaan ek ooit vir iemand kan verduidelik hoe bont en ingestop die geboue is? Oral is Katolieke kerke met stewige skerp sweiswerkheinings.

Net 20% van die mense het werk

Die mark is vol Chinese gemorsies en bondels tweedehandse ingevoerde Amerikaanse klere. Daar is geen inkopiesentrums hier nie. Hierdie mense spandeer 60% van hulle inkomste op kos – vis, rys en *plantain* [groot, groen en piesangagtig wat soos aartappel voorberei word] is hulle stapelvoedsel. Minder as 20% van die bevolking het werk.

In die middel van die stad is 'n kultuurboom: The Cottontree. 'n Paar slawe het in die jaar 1792 weggeloop en daar gaan kampeer en bid. Vandag is dit omgespan en gedekoreer met drie plakaatfotos van vergete presidente en 'n advertensies vir 'n selfoongroep. Die verkeer stoot knap alom die kleinste moontlike sirkel. Heeldag speel oud en jonk sokker, op die strate en die strand. Orals om jou ruik jy uie en vis wat in straatstalletjies voorberei word.

Hier is spierwit strande, groen palmbome en goue sonsondergange. Die see is gedurig sigbaar en hoorbaar, dis 'n partytjiegevoel wat bly hang. In Freetown is geen kragtoevoer en kragopwekkers dreun dag in en uit, sewe dae 'n week anders kon jy jouself verbeel dis die Karibiese eilande.

Vroegaand gaan eet ons aan huis by 'n vriend. Ons gasheer het geen moeite ontsien nie en wys met groot aandoening die spitvark wat hy draairooster. Die heel vark word met bier "gedoop" en dis vingerlekker met kraakvelle, rooi wyn en grappies kuier ons laataand op die stoep.

Na vier dae is ek gek na Freetown en sy kleurvolle mense en geurige kos, maar dis te kort om als te beleef. Met die terugvliegslag is ek reeds besig om my volgende besoek te beplan. Niks op papier, maar kiekies draai in my kop...

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



VERWARDE JANNIE

"Meneer," sê klein Jannie in die Sondagskoolklas, "daar is iets wat ek nie verstaan nie."

"En wat is dit, Jannie?"

"Volgens die Bybel het die Kinders van Israel die Rooi See oorgesteek."

"Ja, dit is so."

"En die Kinders van Israel het teen die Filistyne oorlog gemaak."

"Eee . . . reg."

"En die Kinders van Israel het die tempel gebou. En die Kinders van Israel het teen die Egiptenare geveg, die Kinders van Israel het teen die Romeine geveg, en die Kinders van Israel het altyd iets belangriks gedoen, reg?"

"Ja dit is so," stem meneer saam. "Wat is jou vraag?"

"Wat het die grootmense dan gedoen?"

MOEILIKE LEWE

'n Vrou was besig om teenoor haar buurvrou te kla oor die harde werk wat dit verg om 'n huiseienaar te wees.

"Ek kom saans sesuur tuis na 'n dag op kantoor en dan moet ek nog die skottelgoed en die wasgoed en die badkamer en die vensters was voordat ek kan begin om aandete te maak."

"Maar wat van jou man?" vra die buurvrou.

"Nee, magtag, hy kan homself was!"

V: Hoekom marsjeer doedelsakspelers as hulle speel?

A: Om weg te kom van die klank.

NIE HULLE SKULD NIE

In 'n artikel in die Dominion Post word berig dat 'n vrou, Anne Maynard, die Wellington-hospitaal gedagvaar het nadat haar man daar 'n operasie ondergaan en alle belang in seks verloor het.

Die hospitaal het geantwoord:

"Mnr. Maynard is toegelaat vir die verwydering van 'n katarak. Ons het net sy sig verbeter."

BC deur Mastroianni en Hart



Uit die Wakis

Stories vir die vaak



HOYA!
HOYA!

Politiek is oral dieselfde: Jy moenie verkiesingsbeloftes ernstig opneem nie.

'n Amerikaanse politikus was in 'n Indiaanse reservaat besig om stemme te werf.

Hy het op 'n boomstomp gestaan en gesê: "As julle vir my stem, sal ek julle belasting verlaag."

Al sy toehoorders het "Hoya! Hoya!" geskree.

Toe sê hy: "As julle vir my stem, sal ek vir julle twee nuwe skole bou."

Weer skree almal: "Hoya! Hoya!"

Toe sê die politikus as hulle vir hom stem, belowe hy 'n nuwe huis aan elkeen van hulle.

En weer word hy begroet met uitroep van "Hoya! Hoya!"

Agterna stap hy saam met die Indiaanse hoofman na sy motor.

"Wel, Chief," sê hy, "dit lyk my almal was entoesiasies oor my toespraak. Dit was 'n wonderlike gehoor en hulle het aan my lippe gehang en my toegejuig."

Die hoofman het net skalks geglimlag en toe hulle by die motor kom, trek hy aan die politikus se mou en sê:

"Pasop, Meneer. Jy het amper in daai groot bol hoya getrap."



Vlakvark sal nie jok nie

Vlakvark kom in die veld op die drie allenige leeuwelpies af.

"Weet julle wat?" vra hy vir hulle, "vanaand gaan ek julle ma looi."

Die maleeu kom by die huis en haar kinders lyk verward.

"Wat is fout?" vra maleeu.

"Mammie, vlakvark was nou net hier, hy het gesê hy gaan mammie vanaand looi!"

Die wyfieleeu is onmiddellik kwaad en vra waar vlakvark nou is.

"Hy het nou net met 'n spoed hier weggetrek en daar agter die heuweltjie verdwyn," antwoord haar welpies.

Maleeu trek daar weg met 'n stink spoed, sy gaan vlakvark nou 'n les leer!

Vlakvark het 'n oulike gat met 'n tweede gat in geval van nood.

Met maleeu se aankoms duik sy kop eerste en sonder om twee keer te dink in vlakvark se gat in.

Met die spoed van haar binnegaan sit haar kop toe in die gat vas.

Vlakvark kruip toe by die noodgat uit, stap ewe rustig en baie windgat om na die leeuwyfie toe.

Hy tik haarso liggies op die regterboud en sê:

"Mevrou Leeu, ek mag dalk 'n vark wees, maar ek lieg nooit vir kinders nie."

My hond se stem

My hond slaap 20 uur van die dag om. Sy kos word vir hom voorberei en hy kan eet net wanneer hy wil en dit kos hom niks.

Hy besoek die dokter een keer per jaar en ook tussenin as dit nodig is. Gratis. Hy bly in 'n lekker woonbuurt in 'n huis wat baie groter is as wat hy nodig het, maar maak geen bydrae tot die onderhoud nie.

As hy 'n gemors maak, maak iemand agter hom skoon.

Hy het 'n groot keuse van luukse plekke waar hy kan slaap en hy lewe soos 'n koning. Gratis.

Al sy onkoste word betaal deur mense wat elke dag hard werk om 'n bestaan te maak.

Terwyl ek hieraan gedink het, het 'n gedagte by my opgekom: Ek dink my hond stem vir die ANC.



In 1906 het die inwoners van Fort Bragg, Kalifornië, begin om hul huisafval oor die kranse te gooi bokant wat nou as Glass Beach bekend staan.

Dit moeilik om jou dit vandag voor te stel, maar destyds is allerlei gemors reguit in die see gegooi - insluitende ou motors en huishoudelike afval, wat natuurlik baie bottels en gebreekte glas ingesluit het.

Teen 1949 was die hele gebied rondom die strand 'n openbare stortplek en inwoners het daarna verwys as The Dumps. Vure is soms aangesteek om die hoop gemors te verminder, wat tot 10 meter hoog was.

In 1967 het die owerhede egter besluit om die gebied te sluit en oor die jare is verskeie skoonmaakaksies uitgevoer om die omgewingskade te herstel, maar sonder sukses.

Oor die volgende 30 jaar het die branders die kus skoongemaak deur alles behalwe glas en erdewerk af te breek. Die branders het dit op en af, vorentoe en agtertoe geskuif en tonne gepoleerde, stukkende stukkie glas is geskep. Hierdie gladde, gepoleerde en veelkleurige stukkie glasfragmente het toe in hul miljoene langs die strand beland en 'n kleurvolle strand geskep.

Die naam is toe van The Dump na Glass Beach verander.

Dit duur enigiets van tien tot dertig jaar om seeglas, soos dit heet, te vorm. Die water, sand en rotse funksioneer as skuurmiddels wat die skerp kante glad maak en dit die vorm van spoelkippies gee.

Glass Beach lok vandag groot getalle toeriste. Goed wat mense toe weggegooi het, word nou beskerm en dit is 'n misdaad om dit te verwyder. Wat 'n besoek nog merkwaardiger maak, is om die klank te hoor wat die branders oor die glasklippies maak.

Die geheim vir geluk is 'n goeie humorsin en vuil gedagtes

Baie goeie vraag!

Twee Kapenaars sit in die kroeg en kyk na die Cape Argus Fietstoer.

Gamat skud sy kop en vra, "Hoeko' doen daai lanies dit?"

"Doen wat?" vra Gatiep.

"Klim op daai baaisiekels en ry myle en myle, oppie berge op en affie berge af, ommie draaie, aanmekaar sonne ophou.

"Makie saak offit reën offie wind waai en offit vrekoud issie, hulle ry. Hoeko' moor hulle hulle se selwers soe?"

"Dis als vir die honour ennie prestige, nuh. Djy moet wiet, die wanner kry 'n helse klomp geld."

"Dja, daai verstaan ek", sê Gamat, "ma' hoeko' doen al die anners dit?"

VRA VIR AKSIE

Wat doen jy as 'n blonde ou 'n pennetjie jou kant toe gooi?

Jy hardloop - want hy het die handgranaat in sy hande!

Poskoets

Kammanuus se lesers gesels

Hoekom skryf die lesers nie?

Michele Coetzee skryf en vra:

Ek is al jare ingeskryf op julle oulike nuusbrieff. Dis lekker om te sien wat julle aanvang in ander lande en julle "voorreg" om daar te werk (ja ons noem dit maar 'n "voorreg" onder omstandighede) met ons te deel aangesien van ons maar hier moet pot skrop en die "voorreg" nie almal beskore is nie.

Iets wat my opgeval het is dat daar meer grappies as lekker lees briewe van ander se avonture en aanpassings in anderkantland is? Ek dog dis waaroor die nuusbrieffie gaan, om duskant met anderkant te "link" soos die Ingelsman sal sê? Ek wonder maar net hieroor is die mense dan uitgeskryf of is dit maar nou al so algemeen soos pap en sous is ?

Wel, sterkte met al jou en Kamermaatjie se avonture en bly lief vir mekaar en bly veilig.

(Dis 'n groot probleem, Michele. Ons het al alles probeer, maar hulle skryf nie. Daar was tye toe ons tot 12 briefies in een uitgawe gehad het. – Hennie.)

Stamboom

Help ons familiespeurders

AGENBAG de.graaff.agenbag@fluor.com

Ek is Jacob De Graaff Agenbag, gebore te Kimberley en is die oudste seun van (wyle) Piet Agenbag en ma Duifie Agenbag. Ek sal graag wil kontak maak met my Agenbag familie. My kontak nr. 082 929 8225.

BARNARD cajoubert@telkomsa.net

Ek soek inligting van Hendrik Johannes Barnar, gebore 21 Maart 1910. Ons wil 'n stamboom saamstel tot in die verste geslag moontlik. Hulle het in die Vosburg-distrik in die Karoo geboer.

COERTZE christa.duvenage@re.co.za

CONNOWAY marinaconnoway@gmail.com

Op soek na alle Connoways in SA. Volgens inligting kom die voorouers van die Vrystaat - Zastron, Bethlehem iewers.

FULLARD kroonwater@telkomsa.net

Gebore 24.02.1945 Cornelia OVS. Doopname Christina Susanna. My pa John Pieter Fullard en my ma Susanna Maria Leeuw

JONKER dolf@turbosystem.co.za

Vader John Edward William Jonker, gebore 5/8/1935 sterf 1999. Gebore op Kirkwood het gewoon op Addo, gesterf in P.E

KRANTZ krantz1@vodamail.co.za

Herrman Friedrich Wilhelm Krantz, gebore 20/2/1888 en oorlede 24/8/1937. Getroud met Sofia Johanna Scott, gebore 19/3/1804 en een van hulle kinders is Carl August Wilhelm gebore 1936. Het van Duitsland gevlug na SA en in Reitz Distrik gebly en oorlede en begrawe op plaas Mooigelegen 483, plaasbegraafplaas in Reitz District.

LERM marianalerm@telkomsa.net

Tobias Willem Gerhardus Lerm, gebore 1878 oorlede 1929 en begrawe op plaas Lower Bloemhof in Bedford Oos-Kaap.

LINGENFELDER letca@telkomsa.net

JY OOK?

Jan Plasboer, stop by die robot langs 'n asemrowende meisie.

Hy glimlag vir haar en draai sy venster af.

Sy glimlag terug en draai ook haar venster af.

Jan glimlag weer mooi en sê: "Het jy ook in jou kar gepoep?"

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Koffie of
tee
in Saal C,
Bed 27

“

'Asem in asem en uit.'
My enkel is gebreek. My pols-
gewrig vebrysel, maar die
witjas kom luister na my
longe!

Deur HENNING HORN

Kyk, ek sal julle vandag iets vertel wat die waarheid is. Ek is mos nou 'n professionele hospitaalsiënt. Gaan nou amper vir my vierde maand wat ek in een jaar in hospitaal geloseer het. Moenie dink dat omdat ek nou al as 'n gereelde kliënt geklassifiseer kan word dat ek vyfsterbehandeling gaan kry nie.

Nee, wat. Jy is 'n nommer. Saal C, Bed 27. Nil per mond. Nou verstaan ek dit glad nie. Weet die mense dan nie wie ek is nie. Genade Meneer, ek is 'n Horn. Ek wil eet, my mens! Maar dan kom plak die nurste die plakker op my koppenent: NIL PER MOND. Dink hulle ek moet kos deur my agterwêreld invoer? Hulle is mos mal.

Maar kla kan jy nie. Hulle merk jou, weet julle. Regtig. Jy waag dit om oor iets te kla, dan kan jy maar weet jy gaan dit hotager kry. Die inspuitingnaald begin lyk na 'n sesduimspyker. Die pille smaak al hoe bitterder.

En dan. Dan begin die nagmerie. Vieruur in die nag word jy wakker geraas. "Môre, meneer Horn. koffie of tee? WAAAT!?"

Ek is seker die nurste se klok is verkeerd. Watter mens wil daai tyd van die nag koffie of tee hê?. Beste van als is ek flippen drink nie eers koffie nie. En jy kan maar vir hulle verduidelik hulle moet 'seblief nie weer in die oggend kom vra nie. Watwo, môre is dit weer so.

Dit stop nie daar nie. Ná die koffie en tee baklei, kom hulle met masjiene en pype en goeters. "Bloeddruk kyk, Meneer."

"Halfvyf. Dis dan nág, man!"

"Ag, maar Meneer se bloed ly goed vanmôre." Nou wil ek graag weet: Wat will hulle daai tyd van die nag met my bloed doen?

Halfses. "Môre, Meneer Horn. Wastyd." Die nurste kom met waslap en emmer. Jy gaan nou in die bed bad. Die mense het seker uit 'n malhuis ontsnap.

"Gaan weg! Ek wil nie bad nie. Dis my goete en net ek en my liewe vrou was al die gyte."

En die nurste is verontwaardig. "Ons doen ma' net ons job, Meneer."

"Twak! Julle wil my bloed kom opjaag sodat julle rede het om daai sesduimspyker in my agterwêreld in te druk. Julle hou van mense martel!"

Dan kostyd. Ek het die eerste vier dae niks geëet nie. Kon nie. Ek sweer dat daar iemand in die kombuis is wat seker maak dat die kos eetbaar is, maar glad nie waarvoor jy gevra het nie. Kom nogal ewe met 'n a la carte-spyskaart. Vyf va alles om van te kies.

"Ma' jy ka ma' kies, Meneer. Jy kry wat hulle besluit jy ga' kry."

En so is dit ook. Die brood wat veronderstel is om gerooster te wees, is nie daar nie. Die ou aan die oorkant van die saal het 14 snye brood. NIL PER MOND vir hom ook. En dan is hy nog 'n diabeet ook!

Dan raak jy rustig hie rondom negeuur in die oggend. Vyftien minute later is daar 'n dokter wat saalrondte kom doen. Vat-vat hier, druk-druk daar. Gedoente in sy ore. "Asem in asem en uit." My enkel is gebreek. My polsgewrig vebrysel, maar die witjas kom luister na my longe!

Ek hoes sommer aspris dat die oorfone in sy ore 'n kakofoniese lawaai optel, so hard soos party karre se boomboks radio's. Blerrie man is mos heeltemal mal.

"Hoe voel jy, Boetie?"

"Oukei, dankie. My hande is darem nog daar om mee te voel."

"Enige pyn?"

Ek wil eers sê nee, maar dan bedink ek my.

"Ja, weet jy Dok, noudat jy dit noem. Ek het hierdie snaakse pyn in my enkel en arm. Seker maar die koue."

"Oukei, ek sal vi jou 'n pilletjie voorskryf.

"Dankie, dok." En in my gedagtes: Gaan nou weg. Ek wil slaap, jou imbesiel! Ek het gekoffie vieruur in die blierie nag!

Die ergste is dat jy tienuur uit die bed moet klim, want dan moet hulle skoon beddegoed opsit. Ek dink hulle ruil maar net die beddegoed tussen die beddens om. Die ou langsaan in Saal D, Bed 12 se lakens ruik darem nie te onaardig nie.

Jy boek uit en sweer dat jy nie weer terugkom nie. Stap by die deur uit en woeps! ry 'n verdomde ambulans oor my laaste heel voet.

Ek maak net daar 'n U-draai. Op die bed. Nog 'n operasie. Saal C, Bed 27.

"KOFFIE OF TEE?"

KAMMANUUS verskyn weer op 2 JUNIE